

# Onderskeidings vermoë onder gelowiges

Teks: 1 Konings 12: 33 - 13: 34

Teksvers: 1 Konings 13: 18

## 1. Inleiding

Geliefdes vanoggend fokus ons op een van die onduidelike gedeeltes in die Ou Testament. Kom ons verduidelik. Ons het hier te doen met twee profete en 'n koning. Maar ons fokus val vanoggend meer op die profete in hierdie teksgedeelte. Wat is die kwalifikasie van 'n ware profeet.

Wel in Deuteronomium 18: 20 - 20 leer ons dat 'n profeet wat in Naam van die Here 'n uitspraak maak sonder opdrag van die Here, moet sterf. En dat ons die waarheid van 'n profesie kan meet aan die uitkoms daarvan. Laastens moet ons geen agting slaan op 'n vals profeet. Maar dit is presies hier waar die probleem met vandag se teksgedeelte inkom. Want op die oog af, is dit die opregte profeet wat sterf.

Tog moet ons die ou beginsel van die Heiligheid van die Here inspan om werklik hierdie gedeelte te kan verstaan. Daarom het hierdie teksgedeelte ook elemente van onreinheid en vervloeking in. Die beginsel van onreinheid in die Bybel word al van vroeg simbolies uitgebeeld in die weerhouding van sekere voedsel soorte. Want beide in die voedsel en geselskap van die maaltyd kan onreinheid aanwesig wees.

Dit bring ons by 1 Konings 13 ook waar ons die Woord van die Here ook vandag bestudeer. Watter rol speel die Heilige wil van die Here ook in my Godsdienst beoefening. Watter rol speel vals profete of selfs ander stemme in my geloofslewe. Dit bring 'n mens by die gawe van onderskeiding van geeste waarvan 1 Korinthiërs 12 ons ook leer.

Kom ons ondersoek die onderskeidingsvermoë van die man van God in 1 Konings 13 vandag. Sodat ons

ook ons eie onderskeidings vermoë kan opskerp vandag.

## 2. Moenie met die onreine vermeng raak nie

Dit is die spesifieke opdrag aan die man van God uit Juda wat ons vertrekpunt is vanoggend. Hy moet 'n profesie aan Koning Jerobeam gaan gee. Maar daar is fyn voorskrifte vir die manier waarop hy dit moet doen. Dit lyk soos volg Hy moet fisies reis na Jerobeam in Israel reis. Maar hy mag niks eet, of selfs nie eers water drink in Israel nie. Dan moet hy ook weer met 'n ander pad terug reis na Juda.

Want eintlik is daar ook 'n onuitgesproke profesie in die metode waarop hierdie man van God die boodskap aan Israel bring. Dit is 'n profesie van vervloeking. Daarom mag hy dan nie iets eet in die gebied van Israel nie. Want dit is onrein voedsel uit 'n land wat die Here vervloek het. Dieselfde met die ander pad waarmee hy moet terugkeer. Die man van God moet soos in Matteus 10 die stof van Israel van sy voete afskud.

Sien die gebied Israel is vervloek deur die Here, omdat koning Jerobeam die ware aanbidding van die Here verruil vir iets wat hyself instel. Hy ly nie soos 'n goeie koning die volk in die bepalings van die Here nie. Maar onder die invloed van verkeerde raadgewers ly hy die volk tot oortreding van die tweede gebod. Hy rig nogal ironies net soos Eksodus 32 twee goue kalwers op in Dan en Bet-el. Die noordelike en suidelike grense van Israel se gebied. Dit is dan juis by hierdie goue kalf en altaar in Bet-el wat die man van God sy profesie oor Jerobeam lewer in die begin van ons teks gedeelte.

Reg van die begin af is die Christelike geloof nie maar 'n vloeibare geloof wat

aanpas in elke situasie nie. Die mens kan dit nie soos Jerobeam maar manipuleer en aanpas vir sy eie situasie nie. Want dan vermeng ons juis geloof met die onrein van die wêreld. Daarom is ware onderskeidings vermoë om in die woorde van Jeremia 6:16 te vra na die ou paaie.

### **3. Aanbod om beloning van die onreine**

Maar dan kom ons in vers 7 by die uitnodiging van Koning Jerobeam. Nadat die man van God, Jerobeam se hand genees wil Jerobeam hom vergoed. Hy bied vir hom 'n maaltyd en huisvesting aan. Die probleem is natuurlik net dat hierdie voedsel en huisvesting vervloek is deur die Here. Daarom die antwoord van die man van God in vers 8. Niks wat koning Jerobeam hom kan aanbied is goed genoeg nie, want alles is eintlik vervloek. En so weerstaan die man van God die versoeking om die opdrag van die Here te verontagsaam.

Hier kom die tweede skerp waarskuwing ten opsigte van onderskeidingsvermoë tot ons. Daardie vervloekte materiële middele wat die gemeenskap van gelowiges nie mag aanvaar nie. Ons sien dit Matteus 27 waar selfs dieselfde priesterhoofde wat Judas betaal het om Jesus uit te lewer nie bereid is om dieselfde 30 stukke silwer terug te ontvang as 'n offergawe aan die tempel nie. Want dit is nou bloedgeld en kan nie as offergawe dien nie. Op hierdie manier spreek hulle eintlik self 'n oordeel oor hulle optrede uit.

Vandag wanneer geloofsgemeenskappe 'n stryd om oorlewing voer, is hierdie saak ook aanloklik. Die vraag of die kerk nie maar sy besondere dienste aan die wêreld teen vergoeding kan verkoop nie. Of dalk nog 'n groter versoeking. Kan die kerk nie maar betrokke raak in woekerwins, of net anderkant toe kyk vir skenkings uit opbrengste van dobbel, bedrog of korrupsie nie. Nee, want hierdie stilswye sal dan gebruike soos woekerwins, bedrog en korrupsie goedkeur.

'n Vergoeding uit die onreine is geen vergoeding nie. Want dit sal vinnig ly tot die vermenging van die rein en onreine. Die man van God vervul sy roeping ten opsigte van die profesie aan Jerobeam. Ons moet ook nooit wegstroom van die verkondiging van die Woord van die Here nie. Selfs as is dit uiters ongewild in die wêreld waarin ons leef vandag. Die ware gemeenskap van die gelowiges mag nooit omgekoop word deur die hoogste bieër nie.

### **4. Aanbod van vals profeet.**

Tot dusver was hierdie man van God vir ons 'n voorbeeld van gehoorsaamheid. Maar dan vanaf vers 11 verander dinge. Want nou verskyn 'n tweede profeet op die toneel. Hy stel ook belang in die versorging van hierdie man van God. Wanneer sy seuns hom vertel wat gebeur het, sit hy hierdie man van God agterna. Maar dan in ons teksvers sien ons dat hierdie ou profeet nie in lyn met die kwalifikasie van 'n ware profeet optree nie. In vers 18 word duidelik aan ons geopenbaar dat hy nie die waarheid vertel nie. Hy praat sommer uit sy eie en verhef dit dan tot 'n openbaring van die Here.

Maar dan die optrede van die man van God in antwoord hierop. Hy wat die almagtige skepper van die Hemel en aarde dien. Wat weet dat God gister vandag en more dieselfde is. Hierdie man van God aanvaar sommer net so hierdie nuwe openbaring wat lynreg in stryd is met die aanvanklike openbaring van die Here aan Hom. En die prys wat Hy uiteindelik daarvoor betaal is sy lewe. Onmiddelik word sy lewe geëis op pad huistoe. Hy ontvang hierdie deuteronomium 18 oordeel omdat hy nou 'n vals profeet is wat nie by die bepalings van die Here hou nie.

Die harde ongemaklike les wat ons hieruit leer, is dat alle gelowiges nie maar eenvoudig dieselfde is nie. Net omdat iemand sy geloof, in die Here bely kan ons

nie eenvoudig elke woord van hom ter harte neem nie. Jesus Christus sê immers self in Mattues 7 dan nie elkeen wat vir my sê Here, Here sal in die hemel ingaan nie.

Dit is die derde les oor onderskeidingsvermoë wat hierdie teksgedeelte aan ons leer vandag. Ons geloof kan nie gebou word op een of ander aardse persoon nie. Nee, daar is maar net een persoon waarop 'n ware geloof gebou kan word. Dit is ons Here Jesus Christus wat perfek vir ons geopenbaar word in die Woord van die Here. Daarom het ons as gelowiges vandag die voorreg om alle uitsprake wat roem dat dit van die Here af kom te toets aan die skrif.

Dit is wat die man van God ook in ons teksgedeelte moes gedoen het. Hy moes weer tot die Here genader het, dan sou hy duidelik hierdie vals profesie kon sien. Hy moes uiteindelik maar aan sy ou oortuiging vasgehou het, totdat hy absoluut seker was van die nuwe profesie.

## 5. Slot

Ons kan hierdie preek afsluit op 'n verdere praktiese noot. Soos ons in die prediking gesien het kom al hierdie versoekings steeds vandag na ons. Veral wanneer ons aktief besig is om te werk in die koningryk van die Here. Maar die groot persoonlike vraag aan u en my vanoggend is, hoeveel moeite spandeer ons aan die waarheid. Aan die verhouding met ons hemelse Vader.

Kom ek noem 'n voorbeeld. Wanneer iemand 'n teksvers deel op sosiale media. En daardie spesifieke plasing pla my. Wat doen ek. Gehoorsaam ek die werking van die gawe van onderskeiding deur die Heilige Gees in my. Met ander woorde gaan ek na die woord van die Here en doen die skrifstudie rondom die vers. Of laat ek dit maar verbygaan met die minimum benadering dat hy/sy ten minste die Naam van die Here aanroep.

Want my optrede openbaar iets van die plek van geloof ook in my lewe. Is die heiligheid van die Naam van die Here vir my belangrik. So belangrik dat ek bereid is om ook daarvoor op te staan wanneer dit oneer aangedoen word. En laastens is my liefde tot die spesifieke broer of suster genoeg dat seker wil wees dat hulle met die waarheid besig is. Dat hulle ook die Here aanbid en hulle roeping uitleef tot eer en verheerliking van die Here alleen.

Dit is waar onderskeidingsvermoë inkom. En dit is 'n gawe wat die Heilig Gees in ons werk omdat ons verlos is in die Here Jesus Christus se sterwe en opstanding. Moenie hierdie werking van die Heilige Gees teenstaan nie. Ja, selfs tussen in die gemeenskap van die gelowiges moet ons mekaar voortdurend hou aan die waarheid soos geopenbaar in die Woord van die Here.

Amen.